# Hoofstuk van die dag: Openbaring 2

> *Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie. (vers 4)*

In die gemeente van Efese was daar heelwat wat die Here Jesus bly gemaak het: hulle onvermoeide arbeid en volharding; hulle

handhawing van die suiwere leer en die ywerige uitoefening van die kerklike tug. Dan was hulle boonop ook bereid om vir die Naam van die Here baie te verduur, sonder om moeg te word. Dit klink mos na ’n agtermekaar gemeente!

En tog is die Here Jesus nie gelukkig nie. “Julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.” Julle doen nog alles soos dit moet, maar die entoesiasme is nie daar nie. Julle het gewoond geraak aan die wonder van my genade, aan die verstommende weelde van die verlossing. Waar die liefde vroeër die dryfkrag was agter alles wat julle gedoen het, het dit nou plek gemaak vir pligsbesef, wette en godsdienstige reëls.

Wat moet hulle daaraan doen? Nóg harder vir die Here werk, nóg meer gereeld kerk toe gaan, nog langer gebede?

Nee, ’n aanpassing hier en daar, of groter ywer nie, gaan nie help nie. Jesus vra hartgrondige bekering (vs 5).

Wat sê die Here as Hy vandag na jou en my kyk?

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026